

24 Oktober

Efesiërs 4:25-5:2

(Teks: 4:31)

Bitterheid en liefde

Bitterheid is een van die sondes in 'n mens se lewe wat die grootste hartseer moontlik kan veroorsaak. Baie van die probleme wat ons het soos haat, aggressie, neerslagtigheid, depressie, twis, huwelikspanning, familie-onenigheid, werksprobleme, spanning, en dies meer, kan teruggevoer word na bitterheid wat in ons is.

Dikwels is die leegheid of hardheid in 'n mens (waar daar eers vreugde was) die gevolg van bitterheid wat dalk al oor jare kom - bitterheid wat gegroei het in seer omstandighede en wat nooit verwerk is nie. Enige ontevredenheid of seer wat nie opgelos of verwerk word nie, kan die saadjie wees wat bitterheid nodig het om in 'n mens wortel te skiet. Dit maak van jou 'n mens wat nie werklik in liefde tot God en die naaste kan lewe nie. Daarom waarsku God ons in *Efesiërs 4:31*: "*Moet nooit verbitter of opvlieënd wees of woedend word nie.*"

Maar mag 'n mens dan nooit ontevrede wees nie? moet al die verkeerde dan geïgnoreer word? Nee. Die Bybel sê duidelik dat God nie sonde duld nie en dat ons dit daarom ook nie mag duld nie. As mens net stilbly oor wat verkeerd is, bou bitterheid binne jou op - net om dan een of ander tyd en op een of ander wyse tot uitbarsting te kom.

Dr. H.G. Stoker (Pretoria-Sunnyside)